

Sing vooraf staande: Psalm 128:1, 3 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die **HERE** vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons van ons versoening deur die Here met Psalm 31:15 (p. 147)

Wet

Psalm 31:15 (p. 147)

- 15 Hoe groot is, **HEER**, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 5-3:1, 4, 5 (8:1, 4, 5)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods
verborgenhede.
U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag,
en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge
op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –

- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / “Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,
en aan die Lam van God, self eewge Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!”
Met “Amen, Amen!” het die géruks opgesewewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Skriflesing: 1 Korintiërs 9

Teks: 1 Korintiërs 9:26

Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuus soos een wat nie in die lug slaan nie. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie. (1 Korintiërs 9:26, 27 AFR1953)

Paulus skryf in ons teksvers van 'n atleet en 'n bokser.

- Iemand wat aan 'n wedloop deelneem, hardloop om eerste te kom.
- Iemand wat met sy vuiste boks, slaan om sy teenstander plat te slaan.

Hierdie beeld wat hy gebruik, tref baie duidelik.

- Want hy skryf hierdie brief aan die Grieke wat in Korinte bly, en hulle is sportmal mense.
- Hulle woon gereeld die groot atletiekspele by en hulle weet presies wat 'n bokser en 'n atleet doen.

Hierdie beeld tref nie net die mense van die kerk van Korinte nie. Dit tref ons ook.

- Ons lewe ook in 'n tyd waarin almal sportmal is.
- As ons nie self aan 'n sportsoort deelneem nie, dan is ons ten minste entoesiaste wat gereeld na 'n sport gaan kyk, byvoorbeeld rugby of krieket.

Paulus sê die gelowige is soos 'n sportman.

- 'n Sportman neem deel/hardloop om 'n prys te kry.
- Die gelowige hardloop ook om 'n prys te kry – die prys van die ewige lewe.

So moet 'n Christen lewe – soos iemand wat hardloop om eerste oor die wenstreep te kom.

- Ons lewe is 'n wedstryd waarin ons met geweldige erns en met konsentrasie moet hardloop om die koninkryk van God as prys te behaal.
- Ons moet ons in die lewe met elke greintjie krag in ons inspan om Christene te wees.

Dit was die gebrek van die lidmate van die kerk van Korinte – hulle kon presies dít nie regkry nie!

- Hulle geestelike lewe was in gevaar omdat hulle slap gelewe het.
- Daarom waarsku die Here hulle met die beelde van sportmanne sodat hulle kan weet om hulle lewenswyse te verander.

Die apostel Paulus is geweldig ernstig met hierdie saak en daarom bou hy die beeld verder uit in vers 25.

- Hy wys daarop dat 'n atleet hom van alles onthou.
 - Hy eet niks wat verkeerd is vir sy liggaam nie.
 - Hy weerhou hom daarvan om saans laat wakker te bly – want sy liggaam moet rus.
- Dit gaan hier om die afrigting.
 - 'n Atleet doen nie enige ding nie.
 - Hy onthou hom versigtig van dinge wat hom mag uitput, en hom die eerste prys mag kos.

En, sê Paulus, die atleet doen al hierdie moeite en opoffering om 'n verwelklike krans te ontvang – met ander woorde 'n krans wat verlep!

- Die Griekse atleet het alles in sy vermoë gedoen om 'n krans van louriertakke te ontvang as eerste prys.
- Maar in die wedloop van die Christen is daar 'n krans wat nie verlep as dit van die boom afgepluk word nie.
- Die Christen wat volhard in die wedloop ontvang die onverwelklike kroon van God se koninkryk.

In vers 26 stel Paulus sy eie lewe vir die Korintiërs as 'n voorbeeld.

- Hy hardloop so in die wedstryd van die Christelike geloof en Christelike lewe dat dit vir niemand onduidelik is wat hy doen nie.
- In sy wedstryd hardloop hy net vir een ding – hy hardloop met erns om die prys van God te ontvang.
- Hy is ook nie 'n bokser wat mis slaan nie. Hy wil sy vyand op die grond platslaan.

In vers 27 skryf Paulus dat hy sy liggaam kasty – dit gaan nog altyd oor afrigting en oefening.

- Vir geen atleet is oefening maklik nie.
- 'n Atleet oefen nie net wanneer hy lus het nie.
- Harde oefening is 'n kastyding, want as die atleet oefen, bly hy van sy liggaam meer vra as wat dit kan doen.

Net so skryf Paulus dat hy oefen om 'n Christen te wees.

- Hy bid nie net wanneer hy lus voel nie.
- Hy beoefen ook nie net sy geloof wanneer sy temperament die dag daarna is nie.
- Soos 'n atleet oefen hy elke dag pynlik sy Christenwees sodat hy fiks in die geloof is.

Paulus praat hier nie van selfkastyding nie.

- Hy praat van die Christen se stryd teen die sonde.
- Hy praat van die wedloop wat die Christen het om met sy geloof onder die aanvegting van die duiwel te kan uithardloop.

Paulus sê dat ons onself diensbaar moet maak.

- Dit beteken dat elkeen van ons geestelik so fiks moet wees dat ons 'n wedloop of 'n vuisgeveg met die duiwel kan begin.
- Dit beteken dat ons so goed in ons godsdienste geskool moet wees dat ons nie net onder die duiwel kan uithardloop nie, maar dat ons hom ook kan platslaan.
- Ons moet die wenprys by God kry, en die duiwel moet nie in staat wees om ons te verhoed om dit te kry nie.

Paulus praat baie van atletiek in sy briewe. So skryf hy vir Timoteüs dat hy aan die goeie wedloop deelneem, die wedloop voltooi en die geloof behou.

Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggeleë die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdig Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het. (2 Timoteüs 4:7, 8 AFR1953)

Die vraag is of ons altyd ernstig is met ons geestelike oefening? Daar staan in Hebreërs 5:14 dié woorde:

Maar die vaste spys is vir die volwassene, vir die wat die geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed en kwaad te onderskei.
(Hebreërs 5:14 AFR1953)

In die Griekse teks staan daar dat diegene wat gereeld gimnastiek beoefen, die geestesvermoëns het.

In ons vertaling staan daar in 1 Timoteüs 4:7, 8:

Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het. (1 Timoteüs 4:7, 8 AFR1953)

Luister net weer na die kernwoorde:

. . . oefen jou in die godsaligheid, want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en toekomstige lewe het.

Die Grieks sê egter:

Maak jouself 'n gimnas in die godsaligheid want liggaamlike gimnastiek is inderdaad nuttig – maar in geringer mate; die godsaligheid egter is nuttig vir alles.

Hierdie vers is so belangrik, want hier kry ons Godgegewe advies oor ons Christelike geloofslewe.

- Die liggaamlike gimnastiek raak maar net hierdie lewe – dit hou jou aan die duskant van die graf fiks en gesond. Dis al.
 - Daarom is dit van baie minder belang.
- Maar die geestelike gimnastiek is baie belangrik.
 - Dit dien jou tot in die hemel.
 - As jy jou geloofslewe oefen, dan leer jy van die beloftes en van die nabyheid van God.
 - Daarom staan daar dat dit van belang is vir die tydelike en die ewige lewe.

Wie van ons is fikse geestelike gimnaste? Wie van ons is in sy gees werklik 'n profeet en 'n kind van die Here? Wie van ons se lewe in ons binnekamer is in elke opsig reg met die Vader?

- Niemand nie, want ons is nie fikse gimnaste van die Heilige Gees nie.
- Baie min van ons se gees is so fiks in die geloof dat ons altyddeur aan die Here en sy Raad dink.
- Ons maak asof ons godsdiensoos soos 'n voetbalwedstryd is:
 - Sondag gaan ons kyk na die wedstryd.
 - Ons kyk na die geestelike gimnastiek van ander mense.
 - Onself bly liewer op die pawiljoen sit, want as ons in die lewe moet hardloop of veg, sal ons uitsak en platgeslaan word deur die sonde en die satan omdat ons so uiters onfiks is.

In Hebreërs 5:12-14 staan daar dat ons teen hierdie tyd al almal leermeesters moes gewees het, maar ons moet nog melk drink in plaas van vaste spys eet.

- Ons moet babakos eet in die geloofslewe, want ons is nog te onge oefen om al vaste spys te eet.
- Die skrywer van die Hebreërbrief sê dat dit is omdat ons nie uit gewoonte oefen nie – lees maar vers 14.

Met ander woorde, as jy volwasse geestesvermoëns wil hê, moet jy die wat jy het, oefen sodat hulle kan sterk word. Ons moet geestelik wedstrydfiks word.

Baie mense glo dat ons ons godsdiensoos kan beoefen soos wat ons wil.

- Van ons dink dat kerk en godsdiensoos net vir die Sondag is.
- Ander lidmate dink weer dat dit die dominee se werk is om namens hulle te bid.

Die Here sê vir jou dat jy self moet hardloop en veg. Een atleet kan nie vir 'n ander een hardloop nie, want elkeen hardloop vir homself.

- As ons agterkom dat ons nie lus het om kerk toe te gaan nie, of nie lus het om godsdiensoos te hou nie, of nie lus het om te bid nie, moet ons soveel meer bid! Dan is ons in gevaar!
- Dan het ons vir die Here se wedstryd onfiks geraak! Dan het ons misgeslaan in die bokseveg, en die duiwel het ons platgeslaan!

As dit so is, dan is ons geestelik onge oefen en dan sal ons ook nie die kroon van God ontvang nie.

- Dan moet ons bid en stry soos nooit te vore nie, want dan het ons dit nog meer nodig as ooit in ons lewe.
- Dan moet ons juis lees en bid en kerk toe kom om die gewoonte van geloofsverswakking te verbreek!
- Die Bybel sê juis: bid sonder ophou!

Vanoggend bely julle jongmense almal julle geloof teenoor God self. Ons as gemeente is bloot getuies van dit wat julle teenoor God bevestig.

- Die belydenis wat julle doen, het as inhoud die feit dat julle weet en glo dat julle verlos is deur Jesus Christus die Here.
- Julle is pas klaar onderrig en julle het nog baie kennis wat vars is, maar dit beteken nie dat julle nou maar kan agteroor sit nie.
- Julle stap as geloofsvolwassenes by die kerk deur uit nadat julle jul geloof bely het. Dit beteken dat julle as belydende lidmate van God se kerk deur die Here Jesus Christus se verdienste in staat gestel word om deur die hulp van die Heilige Gees die geloofswedloop te hardloop.
- As julle teen die duiwel wil staande bly, moet julle daagliks die verantwoordelikheid poleer om geestelik fiks te bly.
- Julle sal self agterkom dat julle dit nou meer as ooit moet doen, want nou dat julle geloofswasdom ingaan, gaan die duiwel julle soveel minder met rus laat.
- Ons elkeen wat bely dat die Here Jesus Christus gesterf het tot versoening van al ons sondes, is vir die Satan 'n bedreiging. Hy val ons aan en probeer om ons kragte te tap totdat hulle opvou.

Nou die troos wat julle moet saamdra:

- God belowe nie net verlossing en redding nie.
- Hy het dit klaar gegee in die Here Jesus Christus.
- Hy het God die Heilige Gees ook klaar teruggestuur na ons toe.

Gaan leef in die krag van die verlossing van die Here Jesus Christus se verlossing totdat Hy kom op die wolke. Luister net na die stem van God die Heilige Gees in julle binneste.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Aflegging van Geloofsbelydenis van:

Michelle Aucamp, Yolande Briel, Christoffel Groenewald, Suannè Mulder, Lisa Opperman, Diederik van der Eems, Shaun van der Walt.

Skrifberyming 19-1 (47) (Ons sing die katkisanse toe: *u* in plaas van *ons*)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Volwasse doop: Shaun Anton van der Walt

Skrifberyming 1-1:1 (24:1)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Belydenisaflegging 17 Oktober 2010